



SAVA
NUUSBRIEF
Nommer 142
September 2018

voeg lewe tot jou jare toe

*Die gevolge van negatiewe nuus is self negatief.
Ver van beter ingelig, kan swaar nuuskykers verkeerd gekalibreer word.
Hulle is meer besorg oor misdaad, selfs wanneer die syfers daal,
en soms verloor hulle heeltemal tred met die werklikheid*

Steven Pinker

WATER IS LEWE – SPAAR DIT

Daar is 'n 70% kans dat ons weere 'n El Niño verskynsel kan beleef voor die einde van hierdie jaar.

SAVA-NUUS

VORIGE NUUSBRIEWE

'n Leser het gevra of hulle beskikbaar is. Die antwoord is 'ja'.

Maak www.SAVA.net oop en klik op 'Kommunikasie' en dan op 'Nuusbriewe', en u sal al die nuusbriewe van 2016 tot 2018 vind.

Nuusbriewe

2018

2016

2017

Nuusbriewe – 'n Paar pluimpies

Ek het hierdie gedagtewisseling geniet:

- Goeie dag, enigiemand wat die SAVA-nuusbriewe lees sal sekerlik nooit aan Alzheimer ly nie. Shirley
- Bedoel jy daar is hoop vir my? Ray
- Baie definitief. Die SAVA-nuusbriewe stimuleer die brein en is baie insiggewend. Shirley

Beste Ray en die “Brilliant Team”, ek wou nog altyd vertel hoe baie ek julle maandelikse nuusbrief geniet, maar kon tot nou toe nog nie so maak nie. Baie dankie vir die publikasie wat my elke maand trakteer. Hou asseblief die hoë standaard vol!! Charles

VAKANSIEKLUB – Nog ’n gelukkige lid

Goeie dag, Ek en my man het onlangs vir die eerste keer van die vakansieklub gebruik gemaak en kan dit ten sterkste aanbeveel. Ons was vir 'n week (13 – 17 Aug) by Formosabaai in Plettenbergbaai en dit was verskriklik lekker. Die geriewe, vriendelikheid en die Suid-Kaapse omgewing het gemaak dat ons gehoop het die week gaan nie te gou verby nie. Ons sal beslis op die uitkyk wees vir nog sulke geleenthede.

Groete. Heinie en Elsabe

SAVA-DIENSTE

BOOTREIS-AANBIEDINGS

**Skakel Lifestyle Cruises om te bespreek by 0861 11 33 88, besoek lifestylecruises.co.za
of e-pos info@lifestylecruises.co.za**

Package Name: Magic of The Baltic

Package Includes:

- Return Flights and Taxes from Johannesburg
- 1 Nights Hotel Stay in Stockholm, Sweden
- Free Stockholm Hop on Hop Off Bus Tour
- 7 Nights Full Board Cruise on the Costa Magica
- Port Taxes & Baggage Charges
- Meal Times Drinks Package

Prices

- Inside: R 26 999 pps
- Outside: R 28 999 pps
- Balcony: R 33 999 pps

Package Name: Splendid Dubai

Discovery

- Departs: 15 February 2019
- **Package Includes**
- Return Flights and Taxes from Johannesburg
- 7 Nights Full Board Cruise on MSC Splendida
- Gratuities, Port Taxes & Baggage Charges
- **Prices from**
- Inside: R 19 999 pps
- Outside: R 23 999 pps
- Balcony: R 25 999 pps
- **Itinerary:** Dubai (U.Arab Emirates), Abu Dhabi (U.Arab Emirates), Sir Bani Yas Is (U.Arab Emirate), Muscat (Oman), Khasab (Oman), Dubai (U.Arab Emirates)

SAVA-VAKANSIEKLUB

SAVA-vakansieklub

Dit was so gewild dat ons al ons beskikbare punte vir die jaar opgebruik het. Afslag-vakansies sal eers weer volgende jaar beskikbaar wees en sal in die Januarie 2018-uitgawe van die nuusbrieff geadverteer word.

GESONDHEID

'n GESONDE ONTBYT – Regtig?

My 'gesonde' laevet-ontbytgraan het my baie vesel van die hawermout, heelgraan en neutgegee, maar dit was eintlik gelykstaande aan die eet van 20 gram suiker, of meer ooglopend vyf teelepels daarvan. Boonop het my klein bediening van laevet-, nie-suiwelsojamelk vir my 'n ekstra teelepelsvol gegee, en daar was nog 4 teelepels in my klein glas van duur (geëtiketteer as nie van 'n konsentraat nie), 100 persent suiwer Florida lemoensap. Inderwaarheid is dit nie so suiwer soos wat dit klink nie, omdat baie daarvan gemaak word deur die lemoene te pasteuriseer, hulle in steriele vate sonder suurstof (of teen daardie tyd ook met minder smaak) te stoor, en dan weer die smaak as smaakpakkies by te voeg. Toevallig verskil die suikering van ander goedkoper lemoensappe wat van bevrore, hersaamgestelde konsentrate gemaak word nie baie nie. Hulle het nie ekstra nodig nie – daar is baie natuurlike suiker in die lemoene. In ieder geval, dit is tien teelepels suiker voordat ek my twee-keer-per-week jogurt ingesluit het, wat 'n verdere vyf bygevoeg het. Ek kon egter nie iets soos so baie suiker proe nie, omdat ek gekul is deur die behendige chemie, prosessering, teksturering, en toegevoegde sout van die voedselvervaardigers. Ek was so maklik mislei deur die 'Geen toegevoegde suiker'-etikette.

Vertaal uit *The Diet Myth: The Real Science Behind What We Eat* deur Tim Spector

PROBIOTIKA – Is almal gelyk?

Ek het onlangs 'n artikel met die titel ***Probiotics: Here, Drink Some Gut Slime*** op <http://takimag.com> gelees.

Ek het Professor JP van Niekerk vir sy kommentaar gevra, en hy het die volgende gesê: *'n Klompie jare gelede het ons 'n geskrif in die SA Mediese Vaktydskrif gepubliseer wat verslag gelewer het oor die ontleding van probiotiese produkte (gedoen by die gespesialiseerde laboratorium in België) wat van die rakke van apteke geneem is. Die meeste het niks bevat nie, ander het aktiewe bestanddele gehad wat nie dié was wat geadverteer is nie, en 'n paar was goed. Ek het 'n groot lêer oor die regsdreigemente en ander druk wat ek verduur het omdat ek nie toegegee het aan die eis om die geskrif terug te trek nie. **Probiotika het egter voordele, maar nie soveel as wat dikwels beweerd word nie. Die flora van die ingewande word toenemend as belangrik erken omdat dit***

nie slegs met die vertering van voedsel help nie, maar ook gevolglike effekte op die brein het. Hierdie organismes is grootliks meer as die selle in ons liggame, wat lei tot die kommentaar dat hulle 'n bykomende orgaan uitmaak. Hy het voorgestel dat ek Prof Tim Spector se boek, ***The diet myth: The real science behind what we eat*** moet lees.


UITTREKSELS – Vertaal uit *The Diet Myth*

- **Swaarlywigheid is steeds 'n grootliks verwaarloosde terrein van geneeskunde,** met min befondsing, geen spesialiteitsopleiding, en geen gemeenskaplike stem waarmee probeer kan word om die biljoen pond-begrotings van die voedselmaatskappye te beveg nie.
- Die waarheid is dat, in die algemeen in die wetenskap en geneeskunde, die ja- of nee-antwoorde wat dokters en ander gesondheidskundiges se voorkeur geniet, as verkeerd bewys word. Daar is byna altyd nog 'n laag van biologiese ingewikkeldheid waaraan nog nie gedink is nie of wat as onbelangrik verwerp is. Hierdie boek gaan oor ingrawe tot by daardie volgende laag deur die jongste wetenskaplike navorsing te gebruik.
- Vyftienduisend jaar gelede het ons voorsate gereeld omtrent 150 bestanddele in 'n week ingekry. Deesdae neem die meeste mense minder as twintig aparte voedselitems in, en baie, indien nie die meeste, hiervan is kunsmatig verfyn. Die meeste geprosesseerde voedselprodukte kom neerdrakkend van slegs vier hoofbestanddele: graan, soja, koring of vleis.
- 'n Kalorie mag dus inderdaad 'n kalorie wees, maar in die regte wêreld in ons ingewande is hulle definitief nie gelyk in die effek wat hulle het nie.
- 'n Belangrike boodskap hier is dat sterk verwantskappe ongetwyfeld bestaan tussen hoe jy en jou brein met kos omgaan en hoe jou mikrobiom funksioneer.
- Toe die voedselindustrie begin het om geprosesseerde kosse te ontwikkel, was hulle behep met mikrobies en om kosse langer op die rakke te hou sonder om te bederf, veral gegewe die verspreidingsprobleme van 'n land die grootte van Amerika. Hulle het geweet dat gefermenteerde produkte soos jogurt of suurkool of atjar wat bakterieë bevat, produkte vars hou, maar koeke, koekies en versnaperings was 'n groter probleem. Hulle het uitgewerk dat as hulle genoeg suiker byvoeg, dit die groei van bakterieë sou inhibeer, en dat verhoging van die vetinhoud die waterinhoud sou verminder, wat op sy beurt die groei van bakterieë en fungusse sou verminder. Uiteindelik, buiten die vet en suiker, is die derde van die heilige drie-eenheid, sout, bygevoeg, wat ook die kos gepreserveer het en die raklewe verleng het. Tesame sou hulle die toestande vir die perfekte swaarlywigheid-storm voortbring.

GEPRAAT VAN SUIKER (En Kaffeïen)

Government proposes energy drinks ban for children. (BBC)

Ons kan sien waarom



LAE-KOOLHIDRAAT DIËTE – Hulle kan die lewe verkort

'n Dieet laag in koolhidrate kan lewensverwachting met tot vier jaar verkort, volgens 'n studie gepubliseer in *The Lancet Public Health*. In die VSA het 15 400 mense vraelyste ingevul oor die voedsel en drank wat hulle inneem, tesame met die grootte van porsies. Hieruit het die wetenskaplikes 'n beraming gemaak van die verhouding van kalorieë wat hulle uit koolhidrate, vette en proteïene gekry het. Nadat hulle die groep vir 25 jaar gevolg het, het navorsers bevind dat dié wat 50-55% van hulle energie van koolhidrate gekry het (die matige koolhidrate-groep en in lyn met die VK se dieetriglyne) 'n effens laer doodsrisko gehad het as diegene in die lae- en hoëkoolhidraatgroepe. Koolhidrate sluit groente, vrugte en suiker in, maar die hoofbron daarvan is styselvoedsels soos aartappels, brood, rys, pasta en graankosse.

Navorsers bereken dat, vanaf die ouderdom van 50, mense in die matige koolhidraat-groep na verwagting gemiddeld vir nog 33 jaar sal leef.

Dit was:

- vier jaar langer as vir mense wat 30% of minder van hulle energie uit koolhidrate gekry het (ekstra laekoolhidraatgroep);
- 2.3 jaar langer as die 30%-40% (laekoolhidraat-) groep; en
- 1.1 jaar langer as die 65% of meer (hoëkoolhidraat-) groep.

Die bevindings was soortgelyk aan dié van vorige studies, wat meer as 400 000 mense van meer as 20 lande ingesluit het, waarmee die skrywers hulle werk vergelyk het. Die wetenskaplikes het bevind dat die eet van meer biefstuk, vark, hoender en kaas in plaas van koolhidrate met 'n effens verhoogde sterfterisiko verbind kon word. Daar is egter bevind dat vervanging van koolhidrate met meer plantgebaseerde proteïene en vette soos peulgewasse en neute die sterfterisiko ietwat verminder. Die skrywers spekuleer dat Westerse tipes diëte wat koolhidrate beperk dikwels uitloop op laer inname van groente, vrugte en graanprodukte en tot groter inname van dierproteïene en -vette, wat met inflammasie en veroudering in die liggaam verbind word. 'n Verduideliking vir die bevinding in hierdie en die ander VSA-studies is dat dit die hoër risiko van dood by oorgewig/swaarlywige persone mag weerspieël, wat onder die twee populêre dieetkampe mag val: diegene wat 'n hoë vleis- en lae koolhidraat-dieet voorstaan, en diegene wat 'n lae vet-/hoë koolhidraat-dieet voorstaan. Dr Alison Tedstone, die hoofdieetkundige by Public Health England, het gesê: *“Dit bied verdere getuienis dat laekoolhidraatdiëte ongelooflik skadelik vir ons langtermyn gesondheid kan wees. Hoëvesel-styselkoolhidrate behoort omtrent die helfte van ons energie te verskaf, insluitende vrugte en groente, terwyl die inname hoërvet-vleis en suiwel beperk word.”*
BBC

FACEBOOK

FACEBOOK - 'lelike waarheid' groei memo spook by firma

Die memo van 'n Uitvoerende beampte van Facebook wat verklaar dat die “lelike waarheid” was dat enigiets wat dit gedoen het om te groei, geregverdig was, is openbaar gemaak en het die maatskappy in die verleentheid gestel.

Die 2016-pos het gesê dat dit van toepassing was self as dit sou beteken dat mense as gevolg van afknouery of terrorisme mag sterf. Beide die skrywer en die maatskappy se hoofuitvoerende beampte, Mar Zuckerberg, het ontken dat hulle die sentiment werklik glo. Dit het egter die risiko ingehou dat dit die firma se pogings om 'n vroeër skandaal aan te pak, sou oorskadu. Facebook was onder intense betragting sedert dit erken het dat dit verslae ontvang het dat 'n politieke konsultantskap – Cambridge Analytica – nie data vernietig het wat hulle in jare vantevore van omtrent 50 miljoen gebruikers versamel het nie. Die memo is eers deur die Buzzfeed-nuuswebwerf openbaar gemaak, en is geskryf deur Andrew Bosworth.

Die memo van 18 Junie 2016:

Dit kan sleg wees as hulle dit negatief maak. Miskien kan dit 'n lewe kos as iemand aan afknouers blootgestel word. Miskien gaan iemand dood in 'n terroriste-aanval wat met ons programme gekoördineer is.

En ons konnekteer steeds mense.

*Die lelike waarheid is dat ons so diep daaraan glo om mense te konnekteer dat enigiets wat ons toelaat om meer mense te konnekteer, meer dikwels *de facto* goed is. Dit is miskien die enigste terrein waar die metriek wel die ware storie vertel, sover dit ons aangaan.*

[...]

Dit is waarom al die werk wat ons doen om te groei geregverdig is. Al die twyfelagtige kontakinvoeringspraktyke. Al die subtiele taal wat mense help om soekbaar deur vriende te bly. Al die werk wat ons doen om meer kommunikasie in te bring. Die werk wat ons waarskynlik eendag in Sjina sal moet doen. Dit alles.

BBC

REIS

VRAGSKEPE – En passasiers

Ons het 'n e-pos ontvang van 'n lid wat onthou van 'n aangename seereis vanaf Trieste, Italië, na Durban, op 'n Griekse vragskip, wat in Venesië, Split, Barcelona, Marseilles, Valencia en Kaapstad vir omtrent 'n week by elk gestop het. Ons reiskontak het geantwoord, ons het een van ons verskaffers gevra, en dit was die reaksie: *“Dit was 'n groot ding tot omtrent 20 jaar gelede. SAFMARINE het gereeld hierdie seereise aangebied. Ek dink nie daar is nou enigeen plaaslik nie. Ek raadpleeg hierdie webwerf wanneer ek navrae kry.”*

<https://cargoshipvoyages.com/#>

Ek het ook 'n afgetrede skeepskaptein wat sy lewe op vragskepe spandeer het, gevra, en sy reaksie was taamlik meer pittig: *“Die meeste maatskappye doen dit nie meer nie. Een ou man gly in die stort, en die skip miet afwyk om die arme ou drommel aan land te bring. Die skeepsagente word 'n bietjie omgekrap omdat dit hulle baie geld kos.”*

NUUSMEDIA

NUUS – Moet ons besorgd wees?

Die gevolge van negatiewe nuus is self negatief. Ver van beter ingelig, kan swaar nuuskykers verkeerd gekalibreer word. Hulle is meer besorg oor misdaad, selfs wanneer die syfers daal, en soms verloor hulle heeltemal tred met die werklikheid.

Vertaal uit *Enlightenment Now: The Case for Reason, Science, Humanism, and Progress* (Pinker, Steven)

“As 'n psigo-taalkundige is ek verplig om by te voeg dat die Engelse taal verreweg meer woorde vir negatiewe emosies as vir positiewes het.”

Vertaal uit *Enlightenment Now: The Case for Reason, Science, Humanism, and Progress* (Pinker, Steven)

“Enigiemand wat eenmaal in joernalistiek vasgevang was of steeds daarin vasgevang is, is onder die wrede noodsaaklikheid om mans te groet wat hy verag, vir sy ergste vyand te glimlag, dade van die verfoeilikste aakligheid te verskoon, en sy hande vuil te maak om sy aggressors in hulle eie geld uit te betaal. Jy word gewoon aan die aanskoue van bouse dade, om dit net te laat gaan; jy begin deur nie om te gee nie, jy eindig deur dit self te doen.’ Inderdaad waar.”

Vertaal uit *Dearest Jane...: My Father's Life and Letters* (Mortimer, Roger; Torday, Jane)

WÊRELD

DIE SEISOENE – Somer, Winter, Herfs, Lente

21 Junie – Junie Sonstilstand. Die Junie Sonstilstand vind plaas teen 10:07 UTC. Die Noordpool van die aarde sal na die son gedraai wees, wat sy mees noordelike posisie in die lug bereik het en direk bokant die Kreefskeerkring by 23.44 noorderbreedte sal wees. **Dit is die eerste dag van some (somersonstilstand) in die Noordelike Halfrond en die eerste dag van winter (wintersonstilstand) In die Suidelike Halfrond.**

20 Maart – Maart dag-en-nagewening. Die Maart dag-en-nagewening vind plaas teen 16:15 UTC. Die son sal direk op die ewenaar skyn, en daar sal byna gelyke hoeveelhede dag en nag regoor die wêreld wees. **Dit is ook die eerste dag van die lente (lentenagewening) in die Noordelike Halfrond en die eerste dag van herfs (herfsewening) in die Suidelike Halfrond.**

23 September - September dag-en-nagewening. Die September dag-en-nagewening vind plaas teen 01:45 UTC. Die son sal direk op die ewenaar skyn, en daar sal byna gelyke hoeveelhede dag en nag regoor die wêreld wees. **Dit is ook die eerste dag van herfs (herfsewening) in die Noordelike Halfrond en die eerste dag van lente (lente-ewening) in die Suidelike Halfrond.**

21 Desember – Desember dag-en-nagewening. Die Desember dag-en-nagewening vind plaas om 22:23 UTC. Die Suidpool van die aarde sal na die son gedraai wees, wat sy mees suidelike posisie in die lug bereik het en direk bokant die Steenbokskeerkring teen 23:44 grade suiderbreedte sal wees. **Dit is die eerste dag van winter (winter dag-en-nagewening) in die Noordelike Halfrond en die eerste dag van somer (somer dag-en-nagewening) in die Suidelike Halfrond.**

Astronomy Calendar of Celestial Events for 2018

POSDIENS

SA POSKANTOOR – 100% mislukkingskoers

Wat die Poskantoor belowe

Die Poskantoor se lisensievoorwaardes, wat deur OKASA daargestel word, vereis dat dit 'n 92% afleweringsskoers van gewone pos binne 5 dae bereik.

Die SA Poskantoor lys ook die verwagte diensvlakke [op sy webtuiste](#).

- In die algemeen neem briewe twee dae in dieselfde dorp of stad om hulle bestemming te bereik, drie dae tussen twee stede in dieselfde provinsie, en vier dae tussen stede in verskillende provinsies.
- Fastmail is 'n briewediens in Suid-Afrika met 'n een-dag afleweringstandaard in dieselfde dorp of stad en 'n twee-dae afleweringstandaard vir alle ander bestemmings.

Hierdie diensvlakke stel duidelike riglyne van wat Suid-Afrikaners van die Poskantoor kan verwag – en MyBroadband het hierdie riglyne getoets.

Poskantoor-toets

Gedurende die afgelope maand het MyBroadband SAPK se gewone pos- en Fastmail-dienste getoets. Vir die toets het MyBroadband-lede briewe van regoor Suid-Afrika na die Lyttelton poskantoor gestuur, en ons het nagespoor hoe lank hierdie briewe geneem het om te arriveer.

Die resultate het getoon dat die Poskantoor gefaal het om 'n enkele van sy vereistes na te kom – dit het 'n 100% mislukkingskoers vir beide Fastmail en gewone pos.

Terwyl al die [Fastmail letters](#) binne drie weke afgelewer is, het nie een van die briewe die 2-dae afleweringbelofte bereik nie.

Die situasie met gewone pos was selfs erger. Net die helfte van die briewe het binne 'n maand arriveer, en dit is onduidelik wanneer die ander helfte sal arriveer.

MyBroadband

KENNIS

AEON – (aeon.co)

Aeon is a registered charity committed to the spread of knowledge and a cosmopolitan worldview. Our mission is to create a sanctuary online for serious thinking. No ads, no paywall, no clickbait – just thought-provoking ideas from the world's leading thinkers, free to all.

It is a website for those of you who still love learning and for your children and your grandchildren. It is a haven in this world of “social news”. You can register for a free weekly e-mail. As an example this is what my e-mail contained:

In Aeon this week

Aeon Magazine <newsletter@aeon.co>

The neuroscience of evil behaviour, against screen learning, the health risks of light pollution, and the human hair trade in China

- **How evil happens** - Why some people choose to do evil remains a puzzle, but are we starting to understand how this behaviour is triggered?

- **Idea / Health Policy & Economics** - The marvel of LED lighting is now a global blight to health
- **Video / Design & Fashion** - How Western demand drives the market for human hair in China. 6 minutes
- **Essay / Education** - Look up from your screen. Children learn best when their bodies are engaged in the living world. We must resist the ideology of screen-based learning
- **Essay / History of Ideas** - What is the Muslim world? - Islamists and Western pundits speak of 'the West' and 'the Muslim world' but such tribalism is dangerous colonial propaganda
- **Idea / Knowledge** - Do you see a duck or a rabbit: just what is aspect perception?
- **Video / Automation & Robotics** - Human as a process: What awaits us in the coming age of bio-enhancement? 3 minutes
- **Essay / Cosmology** - How cosmic is the cosmos? Ever since Heisenberg and Tagore, physicists have flirted with Eastern philosophy. Is there anything in the romance?
- **Idea / Ethics** - How to tell the difference between persuasion and manipulation
- **Video / Gender** - Goddesses of antiquity offer Moses a path away from patriarchy – via funk and soul. 3 minutes
- **Idea / Earth Science** - What kills you when a volcano erupts? It's not what you think
- **Video / Illness & Disease** - At 60, Mark decides that the best way to face cancer is to start chasing tornados

LEWE

'n GROOT LES OOR STRES

'n Jong vrou loop selfversekerd in die vertrek rond met 'n glas water omhoog terwyl sy 'n seminar lei en stresbestuur vir haar gehoor verduidelik. Almal weet sy gaan die uiteindelijke vraag vra: "Half leeg of half vol?" Sy flous hulle almal: "Hoe swaar is hierdie glas water?" vra sy met 'n glimlag. Antwoorde wat uitgeroep word wissel tussen 8 onse en 20 onse.

Sy antwoord: "Die absolute gewig maak nie saak nie. Dit hang af van hoe lank ek dit vashou. As ek dit vir 'n minuut vashou, is dit nie 'n probleem nie. As ek dit vir 'n uur vashou, sal ek 'n pyn in my regterarm hê."

"As ek dit vir 'n dag vashou, sal julle 'n ambulans moet kry. In elke geval is dit dieselfde gewig, maar hoe langer ek dit vashou, hoe swaarder word dit."

Sy gaan voort: “En dit is hoe dit met stres is. As ons ons laste al die tyd dra, sal ons vroeër of later, soos die las toenemend swaarder word, sal ons nie in staat wees om aan te gaan nie.”

“Soos met die glas water, moet jy dit vir ’n rukkie neersit en rus voordat jy dit weer vashou. Wanneer ons uitgerus is, kan ons met die las voortgaan – en stres langer en beter volhou elke keer dat dit geoefen word.”

“So, as jy kan, sit jou laste elke aand neer. Moenie hulle deur die aand die nag in dra nie. Tel hulle weer môre op as jy moet.

SUID-AFRIKA

EMIGRASIE – Feite oor Suid-Afrika

- Emigrasiekundiges voorspel dat Suid-Afrika plaaslike emigrasierekords in 2018 gaan breek, met verskeie datavystellings en opnames wat die omvang van hierdie neiging toon, en wat mag voorlê indien dit voortduur.
- In ’n onlangse verslag beraam Pew Research dat ten minste 900 000 mense wat in Suid-Afrika gebore is, in 2017 oorsee gewoon het. Teen huidige koerse sou dit maklik meer as ’n miljoen mense kon wees teen die tyd van die volgende nasionale sensus (2021) – insluitend meestal ryk, wit, geleerde professionele lui.
- Verskeie emigrasiefasiliteerders het ’n toename in die aantal navrae verwant aan verhuising oorsee opgemerk – met ander wat sê dat baie mense nou stappe neem om weg te gaan eerder as om ‘net voelers uit te steek’.
- FNB se gegewens toon dat huishoudings wat emigrasie as hulle rede vir verkoop aanhaal, meer prominent in die boonste en hoër inkomstegroepe is – tot 9%. Maar meer kommerwekkend is dat dit steeds regdeur plaasvind.
- Die Frank Knight Wealth-verslag vir 2018 toon dat Suid-Afrika tussen 2012 en 2017 byna ’n kwart van sy super-ryk individue verloor het – diegene met ’n netto waarde van meer as \$5 miljoen – wat verminder het van 13 380 in 2012 tot net 10 350 in 2017.
- Die sprong tussen 2012 en 2016 was selfs groter, met ’n 32% afname in die getal hoë netto-waarde-individue oor daardie tydperk.
- Emigrasie affekteer nie net die huidige vaardigheidspoel in die land nie, maar ook die toekomstige vaardigheidsgrondslag, omdat gesinne wat die land verlaat hulle kinders saam met hulle neem.
- Die privaatskoolgroep ADvTech het sy interimresultate vir die eerste helfte van 2018 gepubliseer en noem ’n afname in die aantal leerders, toegeskryf aan die ekonomiese ellendes en emigrasie. Roy Douglas, AdvTech se HUB, noem dat emigrasie vir byna 30% van die redes vir die vertrek van leerders verantwoordelik is.

- 'n Onlangse opname onder professionele gesondheidslui, gemaak deur die Solidariteit-unie, het bevind dat 43% van professionele gesondheidslui sou oorweeg om Suid-Afrika te verlaat, sou die regering voortgaan met die implementering van die NHI-skema – terwyl 83% oortuig was dat die skema uiteindelik sou veroorsaak dat meer professionele lui die land verlaat.

SAVA-DIENSTE

Gaan asseblief na www.SAVA.net en klik op die Voordele-skakel om ons reeks dienste vir lede te sien:

Home
▾ Benefits
Communication
▾ Social Clubs
Contact Us
Join Now
Advertisements

Kontak ons by SAVA Tel: 021 592 1279

Faks: 021 592 1284

Skakel ons en ons sal u terugskakel om u telefoonkoste te spaar

E-pos: info@saarp.net

Of sien dit alles by www.saarp.net

SAVA, sy verskaffers, uitgewer, drukker en bydraers het geen bedoeling om spesifieke mediese of ander advies te voorsien nie, maar mag lesers eerder voorsien van inligting ingevolge sy regte onder die Konstitusie van Suid-Afrika. Inligting wat hier verskaf word, is nie 'n plaasvervanger vir professionele advies van enige aard nie, meer spesifiek mediese advies, sorg, diagnose of behandeling. Dit is ook nie ontwerp om enige mediese praktyk of behandeling, program of produk wat in die redaksionele inhoud van die Bulletin of webtuiste of soortgelyke platform geadverteer of genoem word, te bevorder of te onderskryf nie. Bykomend en soortgelyk bied SAVA nie professionele advies op enige terrein aan nie, insluitende maar nie beperk nie tot regsake en finansies. In alle gevalle, sou lesers advies benodig, behoort hulle 'n behoorlik geakkrediteerde en gekwalifiseerde spesialis op die terrein te raadpleeg

ALLEDAAGSHEDE

BROKKIES

- Armoede het ook geen verduideliking nodig nie. In 'n wêreld oorheers deur entropie en evolusie is dit die verstektoestand van die mensdom. Materie rangskik sigself nie in skuing of klere nie, en lewende dinge doen alles wat hulle kan om nie ons voedsel te word nie. Soos Adam Smith uitgewys het, is dit nodig om rykdom te verduidelik. Sels vandag, wanneer min mense glo dat ongelukke

of siektes oortreders het, bestaan besprekings van armoede meestal uit argumente oor wie om daarvoor te blameer.

- Nie slegs gee die heelal nie om vir ons begeertes nie, maar in die natuurlike verloop van gebeure lyk dit of dit hulle wil dwarsboom, omdat daar so baie meer maniere is vir hulle om verkeerd te loop as wat daar is vir hulle om reg te loop.

•

Vertaal uit *Enlightenment Now: The Case for Reason, Science, Humanism, and Progress* (Pinker, Steven)

GLIMLAG

Anne Robinson: Watter insek wat bokant mere fladder word algemeen gevind?

Deelnemer: Krokodille

Anne Robinson: Wat. . ?

Deelnemer (onderbreek): Gaan verby!

GEDAGTE

"Opvoeding is wanneer jy die fyn skrif lees. Ervaring is wat jy kry as jy dit nie doen nie."

AANHALING

Uit Engels vertaal: *Die groot ding oor die lees van geskiedenis is dat dit my indruk bevestig dat die menslike natuur nie slegs gemeen is nie, maar veel erger, ook dwaas.*

Roger Mortimer

Ray Hattingh

NS Uit Engels vertaal: *"Niks is meer verantwoordelik vir die goeie ou dae as 'n slegte geheue nie."*

Franklin Pierce Adams

Kontak ons by SAVA Tel: 021 592 1279

Faks: 021 592 1284

Skakel ons en ons sal u terugskakel om u telefoonkoste te spaar

E-pos: info@saarp.net

Of sien dit alles by www.saarp.net

voeg lewe tot jou jare by